SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

NASIONAAL | NATIONAL
saou@saou.co.za t: 012 436 0900 www.saou.co.za

Reg No: LR2/6/2/531

# MEDIAVERKLARING

VRYGESTEL OP 8 AUGUSTUS 2025

EMBARGO: GEEN

## REGULASIES OOR BELA

Die SAOU verwelkom die voorlopige regulasies oor die aanpassings aan die Suid-Afrikaanse Skole Wet deur Minister Siviwe Gwarube en is tans besig om aan die analise van die voorlopige regulasies te werk.

Die SAOU vergelyk die insette wat deur verskillende forums oor die voorlopige regulasies gemaak is, om sodoende 'n komprehensiewe response oor die regulasies te formuleer.

Dit is bemoedigend dat die twee kern aspekte: Leerder Toelating tot Openbare Skole en die Norme en Standaarde vir die kapasiteit van Openbare skole, eerste aangespreek word.

Die SAOU is veral tevrede daarmee dat die Hofuitspraak wat in Oktober 2023 deur die SAOU verkry is, in terme van die vasstel van die kapasiteit van skole, die voorgeskrewe kriteria in die voorlopige regulasies reflekteer. Die intensie van die vasstelling van die norme en standaarde om die kapasiteit van skole te reguleer, is krities noodsaaklik vir kwaliteit onderrig en leer om plaas te vind. Die SAOU het herhaaldelik die feit betreur dat oorvol skole lei tot die verswakking van die welstand van onderwysers, sowel as die toename in dissiplinêre probleme wat uiteindelik nie in die beste belang van leerders is nie.

Dit is, nieteenstaande, nie net die promulgering van beleid wat die stelsel rig en lei nie. Die SAOU sal toegespits waak op die proses van implementering van die regulasies om te verseker dat provinsiale- en distriksamptenare aan hierdie riglyne gehoor gee.

Dit is egter ontstellend dat hierdie voorlopige regulasies vir openbare kommentaar uitgereik is, nadat die toelatingsprosesse in onderskeie provinsies reeds onderneem is en dat hierdie regulasies eers in die 2027 toelatingsiklus geïmplementeer sal kan word.

Die SAOU sal formeel insette op die voorlopige regulasies op 'n latere stadium lewer.

FEDUSA
t: 012 436 0900 | 086 072 6843 f: 012 348 9658 e: saou@saou.co.za w: www.saou.co.za
PO BOX/POSBUS 90120, GARSFONTEIN, PTA, 0042 | 278 SERENESTRAAT/SERENE STREET, GARSFONTEIN, PTA
REG NO: LR2/6/2/531